# RPO Markverslag

## Week 17 van 2026

Week geëindig op 24 April 2026





**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 24 April 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.


| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R43.04 | -0.1% | 1.1% | 14.9% |
| A2 (R/kg) | R60.78 | -0.5% | -1.9% | -8.6% |
| B2 (R/kg) | R56.73 | -1.5% | -2.2% | 5.1% |
| C2 (R/kg) | R56.77 | -0.4% | -1.5% | 10.1% |

## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 17 redelik onveranderd gebly teenoor die vorige week maar is steeds 14.9% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede.. Die verwagting is dat die prys, weens speentyd, moontlik in Mei en Junie kan daal en weer in Julie begin styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Mei ongeveer R41/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R36/kg en nie hoër as R47/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse




Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 17 met 0.5% gedaal teenoor die vorige week en is tans 8.6% laer as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue swakker vraag na karkasse. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike sywaartse tendens in Mei kan volg en moontlik in Junie weer kan begin styg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Mei ongeveer 64/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R58/kg en nie hoër as R72/kg behoort te wees nie. Let op dat die huidige prys heelwat laer is as die voorspelde prys en kan daar aangeneem word dat die prys in Mei moontlik meer na die onderste grens van die voorspelling toe sal neig.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag

## Week 17 van 2026


Week geëindig op 24 April 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 24 April 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse.
Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Stoorlam (R/kg)** | **R50.87** | **4.1%** | **7.3%** | **13.1%** |
| **A2 (R/kg)** | **R98.74** | **-1.8%** | **-0.9%** | **-3.1%** |
| **B2 (R/kg)** | **R75.05** | **-3.0%** | **-5.4%** | **10.2%** |
| **C2 (R/kg)** | **R75.62** | **-0.7%** | **-3.3%** | **15.4%** |


# Stoorlammers




Die stoorlamprys het in Week 17 met 4.1% gestyg teenoor die vorige week en is tans 13.1% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die skerp styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue laer aanbod op lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys 'n moontlike stygende tendens kan volhou tot in Junie soos die aanbod op lammers verminder tydens die winter. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Mei ongeveer R52/kg te wees, terwyl dit nie laer as R47/kg en nie hoër as R56/kg behoort te wees nie. Let op dat die prys moontlik hoër kan wees as die huidige voorspelde prys weens die skerp styging in die afgelope paar weke.

# A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 17 met 1.8% gedaal teenoor die vorige week en is tans 3.1% laer as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n laer vraag na lamkarkasse. Die verwagting is steeds dat die prys 'n stygende tendens kan volhou tot in Julie soos die aanbod verminder tydens die winter. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Mei ongeveer R104/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R96/kg en nie hoër as R111/kg behoort te wees nie. Let asseblief dat die huidige prys nader aan die onderste grens van die voorspelling beweeg.





*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*